dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

19 MAART 2019

Eksodus 14:14: #Belofte

"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."

Hierdie vers is een van die kragtigste verse in die Bybel. Ons moet kyk teen die agtergrond waarin hierdie verhaal hom afspeel. Nadat die Here hard met Farao gehandel het, het hy die Israeliete laat trek. Soos die mens egter maar is, het die Farao nie sy belofte gehou nie, en het sy soldate en strydwaens die volk van die Here laat agtervolg.

Die Bybel sê God het Sy volk bedags met 'n wolkkolom en snags met 'n vuurkolom gelei, maar dit was by die Rooi See waar die volk beangs geraak het. Voor hulle was die Rooi See en agter hulle Farao met sy soldate. Dit was hier waar Moses hulle herinner het dat God groter is as die probleem.

Deuteronomium 31:6 verklaar: "Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie, want dit is die Here jou God wat saam met jou trek." God staan op Sy belofte en Hy sal ons nie in die steek laat nie. God vra vir Moses wat het jy in jou hand? In Eksodus 14:14 sê die woord: "Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees. God se belofte staan vas. Toe Moses die staf wat hy in sy hand gehad het ophef en op die water slaan, het die water in twee verdeel en die volk het droogvoet deurgestap.

Vrede / Shalom.